Beste FynVeer Kunsgenote,

Ons is verheug om jou by vanjaar se FynVeer Kunstefees te verwelkom & opgewonde om die inskrywingsbesonderhede met jou te deel.

Vind hiermee jou FynVeer-registrasiepakket vir die **DRAMA AFDELING!**

FynVeer Kunstefees ondersteun alle tipe dramastyle. Ons skep 'n innoverende en passievolle platform vir uitvoerende Dramakunste. Deelnemers word bemoedig in 'n veilige en regverdige omgewing.

Die FynVeer Drama-afdeling aanvaar enige universele temas en onderwerpe.
Wees kreatief en dink buite die boks!

1. **TYD VAN DIE DRAMASTUKKE:**
   Tye beskikbaar onder afdeling op laaste twee bladsye.
   Maak seker elke deelnemer is vertroud met die tye.
   Deelnemers kan gepenaliseer word indien die drama stuk die voorgestelde tyd oorskry.

2. **REGISTRASIEFOOIE** (slegs van toepassing op nie-geafillieerde inskrywings)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Per item** | - | **R100.00** | per akteur (Prosa, Poësie, Monoloog, ens) |
| **Meer as een item** | - | **R150.00** | eenmalig per akteur (Prosa, Poësie, Monoloog, ens) |
| **Per toneelgroep** | - | **R500.00** | (Registrasiefooi per toneelgroep) |

   Die registrasiefooi is betaalbaar saam met inskrywingsfooie.

3. **KATEGORIE & ONDERAFDELINGS**

| DRAMA | | |
|---|---|---|
| **ONDERAFDELING** | **ITEMKODE** | **INSKRYWINGSFOOI** |
| Voordrag / Stilstaande Poësie | DRM(VP) | R180-00 per item |
| Gedramatiseerde Poësie | DRM(PO) | R180-00 per item |
| Stilstaande Prosa | DRM(PR) | R180-00 per item |
| Gedramatiseerde Prosa | DRM(GP) | R180-00 per item |
| Monoloog | DRM(MO) | R180-00 per item |
| Samespraak | DRM(SP) | R180-00 per item |
| Toneel (maksimum vyf akteurs) | DRM(TO) | R400-00 per item |
| Tienertoneel | DRM(TT) | R500-00 per groep |
| Drama-groep (maksimum vyftien akteurs) | DRM(GR) | R500-00 per groep |
| Tema Program | DRM(TP) | R400-00 per groep |

***Inskrywingsgelde sluit professionele beoordeling, repliek, medalje en sertifikaat met simbool in.***
***Groepe groter as vyf deelnemers ontvang slegs een sertifikaat en medalje.***
***Alle inskrywingsgelde en dokumentasie is onderhewig aan 'n sluitingsdatum – sien ons webtuiste.***

Byvoorbeeld: Jy is 'n graad 4 leerder en skryf in vir drama met 'n Monoloog.
Jou verwysing lyk as volg:
R100 (registrasiefooi) + R180 (inskrywingsfooi) = R280 met verwysing **DRM(MO) + NAAM & VAN**

**BANKBESONDERHEDE: FYNVEER · FNB · Besigheid Rekening · Rek no: 62922423760 · Tak: 250655**
**Maak seker dat bewys van betaling gestuur word na admin@fynveer.co.za + korrekte verwysing**

## 4. ALGEMENE INLIGTING:

- **FYNVEER BYEENKOMSTE**

  Daar is verskeie byeenkomste en datums vir die Drama Afdeling gedurende die jaar, so hou ons Facebook-bladsy dop vir al die nuutste nuus. Onthou ook om deel te neem aan ons kommentaar en moenie huiwer om ons Facebook-bladsy te deel met ander kunsgenote nie.

  **FACEBOOK-SKAKEL:** https://www.facebook.com/FynVeer

**Gebruik die volgende #hutsteken op jou sosiale media:**
#FynVeer of 'tag' ons op Facebook by @FynVeer Kunstefees

- **INSTAPPIES**

  FynVeer Kunstefees doen ook instappies waar ons kundige span en beoordelaars jou skool, instansie, ateljee, verhoog of teater besoek. Skakel ons vir meer inligting hieroor.

- **BEOORDELING**

  Die FynVeer-beoordelaarspaneel is geselekteerde professionele, en opgeleide beoordelaars met genoegsame kennis in elke kunsgebied. Die FynVeer-beoordelaarspaneel se besluite is finaal.

- **PRYSUITDELING**

  Na afloop van elke kategorie/afdeling, word daar 'n prysuitdeling gehou en deelnemers ontvang hulle medaljes en sertifikate met simbole by die byeenkoms. Indien deelnemers nie die prysuitdeling kan bywoon nie, moet dit vooraf gekommunikeer word by:
  admin@fynveer.co.za of jeandre@fynveer.co.za

- **TOEKENNINGS**

  Alle deelnemers in elke kategorie, ontvang professionele beoordeling met 'n replikestaat na die tyd, 'n medalje en sertifikaat met 'n simbool.
  Groepe groter as vyf deelnemers ontvang slegs een sertifikaat en medalje per groep.


  ***Alle deelnemers word genooi om na afloop van die prysuitdeling, by die trofee-tafel 'n draai te maak en 'n foto met jou kategorie se trofee te neem. Trofees word nie huis toe geneem nie en word slegs gebruik vir fotodoeleindes.***

  Ons trofees is baie kosbaar en spesifiek gemerk onder elke kategorie.

- **SIMBOLE**

  Toekenning vir alle items word volgens die volgende simbole bepaal:

| | | |
|---|---|---|
| 95% - 100% | A++ | (HOË GOUD) |
| 90% - 94% | A+ | (GOUD) |
| 80% - 89% | A | (HOË SILVER) |
| 75% - 79% | B+ | (SILVER) |
| 70% - 74% | B | (BRONS) |



- **WERKSWINKELS**
  FynVeer bied ook Drama-werkswinkels aan waar ons deelnemers, afrigters, skrywers en ouers oplei en bemagtig om dramastukke op die voorgeskrewe manier te skryf en op te voer.
  Hierdie werkswinkels word aangebied deur middel van instappies met ’n minimum van 20 lede.

  Hou ons Facebookblad en webtuiste dop vir meer inligting.

- **BEOORDELAARS & SEREMONIEMEESTERS**
  FynVeer beskik oor ’n paar geregistreerde beoordelaars en professionele seremoniemeesters vir jou volgende skoolfunksie of gala geleentheid. Skakel ons gerus vir meer inligting.

- **DRAMA REËLS**
  Daar is algemene reëls en regulasies waaraan elke deelnemer in die spesifieke kategorie moet voldoen. Hierdie reëls is saamgestel deur die FynVeer-bestuurspan en ander rolspelers in die kunste-industrie. Alle deelnemers is onderhewig aan die reëls soos uiteengesit hier onder.

*(sien volgende bladsy)*

# DRAMA ALGEMENE REËLS

Daar is algemene reëls en regulasies waaraan elke deelnemer in die spesifieke kategorie moet voldoen. Hierdie reëls is saamgestel deur die FynVeer-bestuurspan. Alle deelnemers is onderhewig aan die reëls soos uiteengesit hier onder.

1. Dramastukke kan in Afrikaans of Engels opgevoer word.
2. Oortreding van die kompetisiereëls kan tot diskwalifikasie lei.
3. Die skool/deelnemer/persoon/persone/instansie wat inskryf, vrywaar die FynVeer Kunstefees teen enige eise wat kan ontstaan as gevolg van skade of verlies van enige aard wat so 'n persoon/persone/instansie kan ly gedurende die hele verloop van die kompetisie en daarna.
4. FynVeer behou hom die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien buitengewone of onvoorsiende omstandighede *(soos natuurverwante toestande)* dit sou noodsaak.
5. Die beslissing van die Fynveer-beoordelaars is finaal. Geen persoonlike of direkte gesprekke mag met enige beoordelaar gevoer word nie – binne en/of buite die kompetisie. Alle geskrewe korrespondensie moet deur middel van die FynVeer-bestuur gevoer word.
   Die beoordelingsproses word regverdig gedoen en is nie bevooroordeeld nie.
6. Enige dispuut moet binne drie dae ná afloop van die kompetisiebyeenkoms aan die Fynveer-bestuur gestuur word. Die dispuut moet skriftelik ingedien word sodat die nodige terugvoer gegee kan word.
7. Onreëlmatighede wat tot diskwalifikasie kan lei: Die lewering van gedupliseerde dramastukke/choreografie.
8. Deelnemers neem deel in toepaslike drama-uitrustings wat die dramstuk ten alle tye ondersteun.
9. Deelnemers neem deel in jaargroepe soos op registrasievorm aangedui word.
10. Die tydsduur van die dramastukke wissel na gelang van die afdeling waarin deelgeneem word. Vir elke 10 sekondes of gedeelte van 10 sekondes wat die deelnemer langer of korter as die voorgeskrewe tyd optree, kan een strafpunt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.
11. Rekwisiete mag gebruik word, indien van toepassing, met die voorbehoud dat dit net ondersteunend tot die dramastuk is. Geen toerusting (soos tafels, stoele ens.) word deur die organiseerder verskaf nie.
12. Enige rekwisiete en dekor wat tydens 'n optrede gebruik word, se op- en afslaantyd, word by die deelnemer se item se tydsberekening ingesluit. Deelnemers kan gepenaliseer word indien die item/optrede die gespesifiseerde tyd oorskry.
13. Geen vlambare of gevaarlike items word op die verhoog toegelaat nie.
14. Geen foto's, video- en/of klankopname of enige ander beeldmateriaal mag tydens die FynVeer-dramakompetisie sonder die toestemming van die FynVeer-projekorganiseerder gemaak word nie. Dié reël geld vir alle optredes en werkswinkels.
15. FynVeer behou die reg voor om alle professionele beeldmateriaal en foto's wat gedurende die Dramakompetisie geneem word vir bemarkingsdoeleindes te gebruik.
16. Toeskouers van enige kompetisie word aangemoedig om selfone af te skakel en die deelnemers se optrede ten alle tye te respekteer.

# DRAMA AFDELINGS

## VOORDRAG (STILSTAANDE POËSIE)

Deelnbemers lewer ‘n gedig van eie keuse.
Die gedig moet gepubliseerde werk wees om die literêre standaard van die inhoud te verseker. Geen kostuums, rekwisiete, gebare of bewegings word gebruik nie.

*Die vertolking mag nie 2 minute oorskry nie.*

## GEDRAMATISEERDE POËSIE

Deelnemers lewer ‘n gedig van eie keuse. Die geskrewe woord word verlewendig d.m.v. gemotiveerde gebare en bewegings. Die ruimte moet sinvol benut word. Die gedig moet ‘n gepubliseerde werk wees om die literêre standaard van die inhoud te verseker. Geen kostuum of rekwisiete word gebruik nie.

*Die vertolking mag nie 2 minute oorskry nie.*

## STILSTAANDE PROSA

Deelnemers lewer ‘n prosa van eie keuse. Die prosa moet ‘n gepubliseerde werk wees om die literêre standaard van die inhoud te verseker. Geen kostuum, rekwisiete, gebare of bewegings word gebruik nie.

*Die vertolking mag nie 3 minute oorskry nie.*

## GEDRAMATISEERDE PROSA

Deelnemers lewer ‘n prosa van eie keuse. Die geskrewe woord word gedramatiseer en verlewendig d.m.v. die stem, liggaam en gesigspel. Die gedramatiseerde gedeeltes moet met oorleg en insig hanteer word. Bewegings moet gemotiveerds wees. Dialoog kan sterk gekarakteriseer word.
Die prosa moet ‘n gepubliseerde werk wees om die literêre standaard van die inhoud te verseker.

*Die vertolking mag nie 5 minute oorskry nie.*

## MONOLOOG

Deelnemers lewer ‘n monoloog van eie keuse. Die deelnemer moet ‘n persoon van sy/haar eie geslag voorstel. Die vertolking kan dramaties of humoristies wees en kan in kostuum gelewer word. Die gebruik van rekwisiete is ook toelaatbaar. Die monoloog moet ‘n gepubliseerde werk of uittreksel uit ‘n gepubliseerde toneelstuk wees om die literêre standaard van die inhoud te verseker.

*Die vertolking mag nie 3 minute oorskry nie*.

## SAMESPRAAK

Twee leerders neem saam deel aan ‘n dialoog wat in toneelvorm geskryf is. Elke leerder het ‘n karakter wat hy/sy deurgaans geloofwaardig moet vertolk. Die gebruik van rekwisiete en kostuums is toelaatbaar.

*Die vertolking mag nie 5 minute oorskry nie*.

## TONEEL/EENBEDRYF

Die aanbieding mag slegs in die vorm van ‘n eenbedryf gelewer word. Die dekor moet deurgaans dieselfde bly. Dit is die afrigters se verantwoordelikheid om te verseker dat die inhoud op standaard sowel as op die vlak van die deelnemers is. Die deelnemers moet in kostuum optree.

*Die aanbieding mag nie 15 minute oorskry nie.*

**TIENERTONEEL**

Hierdie skeppende produksie bestaan uit 'n hele geselskap [die regisseur(s), skrywer(s), spelers en tegniese personeel] wat almal hoërskoolleerders moet wees.
'n Volwassene kan steeds as mentor optree deur basiese leiding en spelleiding binne perke te verskaf.
Betrokkenheid by die kreatiewe aspekte moenie 30% oorskry nie.
Hierdie inisiatief moet steeds 'n opvoedkundige basis hê.
Rekwisiete, grimering, kostuums en tegniese hulp is toelaatbaar.

*Die aanbieding mag nie 45 minute oorskry nie.*

**DRAMAGROEP**

Deelnemers word die geleentheid gegun om enige kreatiewe, selfgeskrewe dramastuk op te tree. Hier neem deelnemer deel in klein (maksimum 8 akteurs), en groot (maksimun 15 akteurs) groepe deel. Deelnemers maak gebruik van hulle eie interpretasie van die teks. Die dekor moet deurgaans dieselfde bly. Rekwisiete en kostuums, ter ondersteuning van die stuk mag gebruik word.

*Die aanbieding mag nie 15 minute oorskry nie.*

**TEMA PROGRAM**

Hier maak akteurs gebruik van hulle eie karakter, skryfwerk en tema van 'n spesifieke tema program. Die dekor moet deurgaans dieselfde bly maar kan verander en rondgeskuif word. Dit is die afrigters se verantwoordelikheid om te verseker dat die inhoud op standaard sowel as op die vlak van die deelnemers is. Die deelnemers moet in kostuum optree.
Akteurs skep konteks met die gebruik van Fisiese Teater, musiek, dialoog, monoloog en choreografie.
Rekwisiete, grimering, kostuums en tegniese hulp is toelaatbaar.

*Die aanbieding mag nie 30 minute oorskry nie.*

FynVeer is baie opgewonde om ons vlerke saam elke skool/deelnemer/persoon/instansie/ateljee/studio te sprei en hoog te vlieg – saam maak ons 'n verskil, nie net in die gemeenskap nie, maar ook in elke deelnemer se hart.

Ons bou saam aan die kunste, toekoms en drome van elke deelnemer. Ons bemoedig, streef en verbeter.

Ons is opgewonde oor die nuwe KUNS-avontuur en sien uit om julle te ontmoet!

Kom **DROOM** saam, kom sit die **HOOP** terug, kom ons maak **KUNS**, kom ons **FYNVEER**!

FynVeer

FynVeer Admin

**admin@fynveer.co.za**
**079 4911 789**
www.facebook.com/fynveer
https://www.fynveer.co.za